

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## Parashah 16: *B'shalach* (בשלח) – Om te laat gaan.

*Dit het gebeur dat toe Farao die volk laat gaan het, God hulle nie deur die land van die P'lishtim gelei het nie, alhoewel dit nader was, want God het gesê: "Sodat die volk, as hulle oorlog sien, nie dalk hulle gedagtes verander en teruggaan na Egipte toe nie." Ex. 13:17 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Exodus 13:17 tot 17:16.

**Haftorah:** Rigters 4:4 tot 5:31.

**Hernieude Verbond:** Rom. 9:15 tot 23; Hand. 7:36; 1 Kor. 10:1 tot 13; Heb. 11:29; Open. 15:1 tot 4; Joh. 6:25 tot 58; Open. 2:17.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 16 wat afgelaai kan word by: [Parashah16Notas14](#) of deur dit aan te vra by [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info).

*When you kill time, remember that it has no resurrection – A.W. Tozer.*

*We can be in our day what the heroes of faith were in their day – but remember at the time they didn't know they were heroes – A.W. Tozer.*

*The Church has surrendered her once lofty concept of God and has substituted for it one so low, so ignoble, as to be utterly unworthy of thinking, worshiping men. This she has not done deliberately, but little by little and without her knowledge; and her very unawareness only makes her situation all the more tragic – A.W. Tozer.*

*The Bible is full of good news, but it is also full of bad news and severe warnings, tragic endings and examples of those who did not heed the word of the Lord – Bert M. Farias.*

## Midrash (Torah Bespreking)

Die belangrikste gebeure van die Boek van Exodus (*Sh'mot*) kan ondermeer in vier woorde opgesom word, naamlik: Pesag, Rooisee, Sinai en Manna. Elkeen van hierdie vier woorde is ook 'n sinnebeeld van een stap in YHVH se plan van sondevergifnis en versoening, naamlik:

- ❖ Pesag – 'n sinnebeeld van Wedergeboorte.
- ❖ Rooisee – 'n sinnebeeld van die Waterdoop deur onderdompeling.
- ❖ Sinai – 'n sinnebeeld van die Gee van Torah en die gee (uitstorting) van die Afgesonderde (Heilige) Gees.

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch) of kontak vir Gerrie Coetzee by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com)

❖ Manna – ‘n sinnebeeld van ‘n Leefwyse van geregtigheid deur Torah-gehoorsaamheid.

Verlede week se parashah kan ook beskou word as Israel se ‘wedergeboorte’ – ‘n nuwe begin vry van die slawejuk. In hierdie week se parashah sal Israel deur die Skelfsee (Rooisee) trek wat ‘n sinnebeeld van die doop is. En in volgende week se parashah word die aankoms by Sinai bespreek waarvan die hoogtepunt die gee van Torah (die wet) is en wat ‘n sinnebeeld van *Shavuot* (Pinkster) is, naamlik die gee van Torah en die uitstorting van die Afgesonderde Gees.

In hierdie week se parashah bevind Israel hulle dus in die tydperk van sewe weke tussen die uittog uit Egipte (Pesag) en die gee van Torah (Shavuot). Hierdie sewe weke staan bekend as die ‘tel van die omer’.

### Redding Deur Geloof

Soos voorheen bespreek is Israel van ouds deur geloof (vertroue) en deur gehoorsaamheid van die slawejuk van Egipte bevry! Soos ons in die vorige parashah geleer het, het Israel in geloof die pesaglam geslag en die bloed van die lam aan die deurkosyne van hul huise gesmeer (Exodus 12). Daar waar die bloed van die geslagde lam aan die deurkosyne van die huise aangewend was, het YHVH verby gegaan en nie toeglaat dat die Verderwer in hulle huise ingaan nie (Ex. 12:23). Van die tien plaë was die laaste die enigste waar daar van Israel ‘n bepaalde handeling vereis was ten einde die plaag vry te spring. Hulle moes volgens YHVH se opdrag ‘n lam sonder gebrek slag, die bloed aan die deurkosyne smeer en die vleis oor die kole braai en dit saam met ongesuurde brood en bitterkruie eet terwyl hulle gereed staan om Egipte te verlaat. Diegene wat gehoorsaam gehandel het, het die ‘groot trek’ uit Egipte na die Beloofde Land aangepak!

Israel se vertroue in die God van Abraham, Isak en Jakob het gepaard gegaan met die werke (dade) wat die getuienis was van dit wat hulle geglo het. Die feit dat Israel YHVH se eiendomsvolk is, was nie genoeg om hulle van die tiende plaag te vrywaar nie. Nee, Israel moes ook aan YHVH gehoorsaam wees met die werke (dade) wat getuig het van hulle geloof!

*Die seuns van Yisra'el het gegaan en gedoen soos יהוה aan Moshe en Aharon beveel het, so het hulle gedoen. Dit het gebeur om middernag dat יהוה al die eersgeborenes in Mitzrayim geslaan het; van die eersgeborene van Farao af, wat op sy troon gesit het, tot by die eersgeborene van die gevangene wat in die tronk was, asook al die eersgeborenes van die diere. Ex. 12:28 en 29 – PWL.*

Die les wat ons hieruit leer is tweeledig, naamlik: Daar tye is wanneer YHVH ons voorsiener en beskermmer is bloot op grond van die feit dat ons vanweë ons geloof (vertroue) in Hom Sy volk (kinders) is. Maar dan is daar egter tye wanneer ons op grond van ons geloof volgens YHVH se onderrig en instruksies moet handel om gered en geseën te word!

Hiervolgens is dit duidelik dat geloof (vertroue) en werke (dade van Torah-gehoorsaamheid) ‘n eenheid vorm. Geloof in YHVH sonder gehoorsaamheid aan Torah is nutteloos en gehoorsaamheid aan Torah sonder geloof in YHVH is ewe nutteloos. Die een kan nie sonder die ander funksioneer nie!! Beide geloof en gehoorsaamheid hou verband met redding en seëninge! Hierdie word bevestig in die brief van die Apostel Jakobus (Jak. 2:14 tot 26).

Die belangrike om te verstaan en te onthou, is dat Israel as gelowiges uit Egipte getrek het!!

*Die seuns van Yisra'el het van Ra'amse na Sukkot gereis, omtrent ses honderd duisend manne te voet, buiten die kinders. 'n Gemengde menigte van mense het ook saam met hulle opgegaan en troppe kleinvee en beeste; uitermate baie lewende hawe. Ex. 12:37 en 38 – PWL.*

Israel, asook die wat by Israel aangesluit het – *die menigte van mense* – het die reis na Kanaän as gelowiges in die God van Abraham, Isak en Jakob aangepak. Die kwessie of hulle geglo het of nie was nie ter sprake nie!! Hierdie keuse het hulle reeds gemaak en die wat geglo en gedoen het wat YHVH beveel het, het die tiende plaag vrygespring. Maar by Sinai sou hulle ‘n verder keuse moes

maak, naamlik of hulle gehoorsaam sal wees aan YHWH se Torah (Ex. 24:3 en 7). Dit was dus 'n geval van eers geloof en dan gehoorsaamheid.

Hierdie is die bloudruk (gietvorm) vir beide die ou en die hernieude verbond – eers geloof in YHWH wat opgevolg word deur gehoorsaamheid aan Sy liefdevolle onderrig en instruksies.

### **Die Waterdoop**

Voor die aankoms by Sinai moes Israel eers deur die Rooisee trek.

*Die kinders van Yisra'el het op droë grond deur die see getrek. Die waters was vir hulle 'n muur aan hul regter- en aan hul linkerkant. Ex. 14:22 – PWL.*

In 1 Kor. 10:1 tot 4 vergelyk Paulus Israel se deurtog deur die Rooisee met die doop in water:

*My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, almal deur Moshe ingedoopt is in die wolk en in die see, almal dieselfde geestelike kos geëet het en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was Die Gesalfde Een (PWL).*

Hiervolgens is dit duidelik dat bevryding van die slawejuk van sonde deur die waterdoop opgevolg moet word. Dit herinner ons aan die woorde van Petrus op die dag van Pinkster

*“Draai weg van julle sondes na God toe en laat elkeen van julle gedoopt word in die Outoriteit en Karakter van יהוה -Yeshua, tot bevryding van sondes sodat julle die geskenk van die Gees van Afsondering kan ontvang. Hand. 2:38 – PWL.*

Die volgorde is dus duidelik, naamlik: Geloof en bekering tot wedergeboorte wat gevolg word deur die waterdoop en dan sal die gawe van die Afgesonderde Gees volgens die belofte ontvang word. Petrus het nie gesê dat die sowat drie duisend Yeshua ('Jesus') in hulle harte moet in nooi nie, en hy het ook nie gesê dat hulle 'n kort 'sondaarsgebed' agter hom aan moet bid nie, of dat hulle hul harte vir Yeshua moet gee nie. Nee, hy het die vereiste vir redding aan hulle duidelik uitgespel, naamlik geloof in Yeshua as die Messias wat bekering (terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid) tot gevolg het en dan opgevolg word met die waterdoop en die vulling met die Afgesonderde Gees.

In hierdie verband moet ons ook nie die woorde van Paulus vergeet nie toe hy aan die Romeine geskryf het dat die doop 'n sinnebeeld van die sterwe van die sondaar, naamlik die oortreder van Torah is:

*Wat sal ons daarom sê? Sal ons in die sonde bly sodat die onverdiende guns meer kan word? n Verwerplike gedagte! Hoe kan enige een van ons wat dood is vir die sonde, weer daarin leef? Of weet julle nie dat die van ons wat in Die Gesalfde Een, Yeshua, gedoopt is, in Sy dood gedoopt is nie? Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos Die Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in 'n nuwe lewe kan leef, want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy. Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie, want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry. As ons daarom saam met Die Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met Die Gesalfde Een sal lewe – Rom. 6:1 tot 8 – PWL.*

Hierdie patroon van geloof (verginis, redding) en bekering (terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid), wat gevolg word deur die waterdoop (simboliese wassing en 'sterwe' van die sondaar) en vulling met die Afgesonderde Gees (die krag tot Torah-gehoorsaamheid) word deurgaans in die Skrifte gevind. Hierdie patroon het ons tot hede in ons bestudering van Torah gesien, behalwe die ontvang (vulling) met die Afgesonderde Gees. Maar ons volgende parashah is die aankoms by Sinai en *Shavuot* – 'n sinnebeeld van die ontvang van Torah en van die Afgesonderde Gees. Tot dan is Israel besig (onwetend!) om die dae tot by die aankoms by Siani te tel – die tel van die *omer*!!

## Geloof, Genade En Gehoorsaamheid

‘n Algemene siening van die Christendom is dat Israel van ouds gered was deur die wet (die Torah) te onderhou, met ander woorde dat redding deur goeie werke (verdienste) was. Hierdie siening is geensins waar, want wat het Israel in sowat 430 jaar gedoen om hul bevryding van die Egiptiese slawejuk te verdien? Die antwoord hierop is ‘n besliste niks! Israel het nie verdien om uit Egipte bevry te word nie. Israel se bevryding was YHVH se onverdiende guns en was nie op grond van hulle goeie werke nie! Al wat van Israel verwag was, was om te glo dat die geslagte pesaglam en die bloed aan die deurkosyne hulle bevryding van die Egiptiese slawejuk sou wees.

Soos reeds by herhaling bespreek is: Redding onder die ou verbond was op grond van geloof (vertroue), net soos wat huidig onder die hernieude (nuwe) verbond die geval is. Paulus bevestig dit by herhaling in sy brief aan die Romeine. Die bedoeling van Torah-gehoorsaamheid was nie tot redding nie, maar dit het die seëninge van YHVH tot gevolg gehad. Daarom lees ons in Deut. 28:1 en 2 die volgende:

*Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen, sal יהוה, jou God, jou oplik bo al die nasies van die aarde. Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam. (PWL).*

Ons moet egter verstaan dat die mens weens sy sondige natuur ‘n inherente onvermoë het om aan Torah gehoorsaam te wees. Torah het dus vir die mens ‘n skuld- en gewetenslas geword, want die mens het as te ware permanent skuldig gestaan aan die oortreding daarvan. Daarom het Torah ‘n vloek vir die mens geword soos in Gal. 3:10 geskryf is: *Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.*

Die probleem het dus nie gekom by geloof in YHVH-God nie, maar wel by die doen van dit wat God van elkeen wat glo vereis, naamlik gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies – Sy Torah. Gehoorsaamheid is uiters belangrik, want dit is hoe elkeen wat deur geloof regverdig verklaar is in die regte verhouding met YHVH daaglik leef. **Torah-gehoorsaamheid is om YHVH se geregtigheid te doen!**

*Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, ..... sal nie wankel in ewigheid nie. Ps. 15:2 en 5*

*Welgeluksalig is hulle wat die reg bewaar, die wat altyd geregtigheid doen. Ps. 106:3*

*Maar as iemand regverdig is en reg en geregtigheid doen..... Hy sal sekerlik, spreek YHVH-God. Eseg. 18:5 en 9.*

*Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. Eseg. 18:21.*

*En as die goddelose hom bekeer van sy goddeloosheid wat hy gedoen het, en reg en geregtigheid doen—hy sal sy siel in die lewe behou. Eseg. 18:27.*

*En as die goddelose hom bekeer van sy goddeloosheid en reg en geregtigheid doen, dan sal hy ten gevolge daarvan lewe. Eseg. 33:19.*

*As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is. 1 Joh. 2:29.*

*My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is. 1 Joh. 3:7.*

Sonde is om ongeregtigheid te doen en dit is om Torah te oortree (1 Joh. 3:4; 1 Joh. 5:17). In die verband het Yeshua gesê:

*Die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, Matt. 13:41.*

Maar volkome gehoorsaamheid aan Torah is egter menslik onmoontlik weens die mens se sonde aard en omdat elkeen wat een gebod oortree skuldig is aan oortreding van almal (Gal. 3:11; Jak. 2:10). Yeshua het egter as mens volkome Torah-gehoorsaam geleef en was dus die volmaakte offer vir sonde, want Hy was die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het. Daarom is volkome gehoorsaamheid aan Torah slegs moontlik deur geloof in Yeshua asw die Messias. Deur hierdie geloof in Yeshua as die versoeningsoffer word die mens bekleed met God se geregtigheid (2 Kor. 5:21) en gevul met 'n hartsbegeerte vir Torah-gehoorsaamheid (Jer. 31:33; Heb. 8:10).

*Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Heb. 8:10.*

Deur geloof in Yeshua as die Messias sal YHVH Sy Torah in ons verstand gee sodat ons die begrip en kennis daarvan het en Hy sal dit op ons hart skryf sodat ons met ons wil, denke en emosie sal begeer om dit gehoorsaam te wees.

Daarom is Torah-gehoorsaamheid nie wettiesheid (*legalism*) nie, maar die wil en verlange om deur geloof in Yeshua volgens Vader se onderrig en instruksies te lewe. Wettiesheid is wanneer ek Torah-gehoorsaam is uit vrees, of wanneer dit 'n poging is om YHVH se geregtigheid te verdien, of wanneer ek dit weens selfsugtige redes onderhou, soos om geseën te word. Maar ware Torah-gehoorsaamheid is wanneer ek uit liefde en eerbied vir my Vader begeer om Sy onderrig en instruksies nougeset te onderhou (te doen), want deur Sy onverdiende guns is ek 'n geregverdigde. As kind besef ek dat Vader se huisreëls, Sy Torah, terwille van my welsyn is, asook terwille van die welsyn van die Vader se hele huishouding (volk, gemeente). As die bruid van Yeshua is ek uit liefde aan die Bruidegom onderdanig, want ek ondervind Sy liefde van beskerming en voorsiening. Onthou: Ware liefde is bereid om alles te gee sonder om iets terug te verwag!

Maar laat ons terugkeer na die stelling dat volkome gehoorsaamheid aan Torah slegs moontlik is deur geloof in Yeshua die Messias. Beteken dit dat ek nou in alle opsigte volkome aan Torah getrou is en dus nie meer een gebod kan oortree nie? Nee, want net soos Paulus het ons elkeen die stryd dat wat ons weet wat reg is en ooreenkomstig dit wil optree, dit doen ons nie, maar wat ons haat dit doen ons (Rom. 7:15). Ten spyte van ons begeerte om in alles aan ons Vader gehoorsaam te wees, is daar oomblikke wat ons Torah oortree. Hiermee saam het ons nie altyd sekerheid hoe om sekere gebooe te onderhou nie. In die verband is daar twee belangrike aspekte om te onthou:

- Daar is telkens vergifnis wanneer ons met berou tot die Vader se genadetroon gaan en vra dat Hy deur Sy Afgesonderde Gees ons sal leer en lei.
- Tweedens kyk die vader na ons hartsgesindheid ten opsigte van Torah-gehoorsaamheid. Soos reeds genoem is ware Torah-gehoorsaamheid wanneer ek uit liefde en eerbied vir my Vader begeer om Sy onderrig en instruksies nougeset te onderhou (te doen), want deur Sy onverdiende guns is ek 'n geregverdigde. Die volgende illustrasie kan as verduideliking dien: Jou kind maak uit sy eie, en met blymoedigheid, sy bed op en sy kamer aan die kant, maar dit is nie presies op jou as ouer se standaard nie, want jou kind is dalk nog baie jonk en moet nog leer hoe om alles reg te doen! Hoe gaan jy reageer?
  - Gaan jy ontevrede wees en hom/haar tugtig vir halwe werk?
  - Gaan jy hom/haar dankie sê en prys en dalk beloon met 'n lekkerny, maar ook die geleentheid gebruik om hom/haar in liefde te leer en te help hoe om dit reg te doen volgens jou standaard (veriste).

Ek glo dat die tweede opsie die wyse is hoe ons Vader ons onvermoë (swakhede) om volkome aan al Sy *mizvot* gehoorsaam te wees sal hanteer. Vader kyk na elkeen se hartsgesindheid en daarom sal Hy

ons nie straf daar waar ons weens gebrek aan kennis en menslike swakhede nie 100% voldoen aan al sy onderrig en instruksies nie. Daarom sal YHVH deur Sy Gees ons leer en lei sodat ons toenemend meer gelykvormig word aan Yeshua wat in alle opsigte Torah gehoorsaam was. Dit is immers ons doelwit, naamlik heiligmaking. Waarlik genade op genade!!

Die genade deur Yeshua gee ons die vryheid van die skuld- en gewetenslas van oortreding van Torah. Hierdie genade moet altyd bokant Torah-gehoorsaamheid gestel word. Ons moet nie toelaat dat gehoorsaamheid aan Torah 'n swaar las word nie! Dit is nie die bedoeling van Torah nie en daarom het beide Moses (Deut. 30:11 tot 14) en Paulus gesê:

*Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Die Gesalfde Een af te bring; of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om die Gesalfde Een uit die dode op te bring? Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: Rom. 10:6 tot 8.*

Die Torah is nie te swaar nie en is nie te ver nie (Deut. 30:11)! Daarom het Yeshua gesê dat Sy juk is sag en Sy las is lig (Matt. 11:29 en 30).

**Maar** ons mag egter nie aanhou sondig sodat die genade meer kan word nie (Rom. 6:1)! Nee, *want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.* Heb. 10:26 en 27.

### **Kom Uit Haar Uit My Volk!**

Kort nadat Israel uit Egipte vertrek het, het Faraos gesê: *Wat het ons nou gedoen dat ons Israel laat trek het, sodat hulle ons nie meer dien nie?* (Ex. 14:5). Daarop het Faraos sy strydwaens ingespan en sy beste vegsmannegeneem en Israel agtervolg met die doel om hulle terug te bring na Egipte. By die Skelfsee het hy hulle ingehaal en al wat nou tussen die Egiptiese weermag en Israel gestaan het, was die Engel van God en die wolkkolom (Ex. 14:19 en 20). Israel het baie bang geword en tot YHVH geroep en aan Moses gesê:

*Het u, omdat daar in Egipte glad geen grafte is nie, ons saamgeneem om in die woestyn te sterwe? Wat het u ons nou aangedoen, dat u ons uit Egipteland uitgelei het? Is dit nie die woord wat ons aan u in Egipte gesê het nie: Laat ons met rus, dat ons die Egiptenaars kan dien? Want dit is beter vir ons om die Egiptenaars te dien as om in die woestyn te sterwe.* Ex. 14:11 en 12.

Israel was nog nie vry van hulle slawe mentaliteit nie! Hulle was uit Egipte, maar Egipte was nog nie uit hulle nie! Klaarblyklik het hulle ook YHVH se wonderwerkende krag waarmee Hy hulle bevry het, vergeet. Die Engel van God en die wolkkolom was nie vir hulle voldoende versekering dat YHVH hulle ook in hierdie uur van nood sal beskerm nie!

Hierdie is ook 'n sinnebeeld van die hedendaagse geloofslewe van talle mense wat bevry word van die slawejuk van sonde of die slawejuk van Christenmisleiding, maar spoedig bevrees word en dan terug verlang na die 'Egipte' waaraan hulle gewoon was. Bevryding uit die 'Egipte' van sonde, van misleiding, van verslawing, ensovoorts, beteken om sonder vrees en sonder om terug te verlang die pad van vertroue in YHVH as El-Shaddai – die Magtige God wat meer as genoeg is – te stap. YHVH het nie Israel bevry om weer van hulle slawe te maak of sodat hulle in die wildernis kan sterf nie. Nee, Israel is bevry sodat hulle YHVH in Gees en Waarheid kan dien. Hierdie is die genade in Yeshua!

Ons moet nooit die woorde van Paulus en die opdrag van Yeshua vergeet nie:

*Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: "Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk wees." "As gevolg hiervan," sê יהוה, "gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie en Ek sal julle ontvang en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees," sê יהוה, wat almal vashou. 2 Kor. 6:16 tot 18 – PWL.*

*En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Open. 18:4.*

## **Bepeins of Bespreek**

1. Die doel van Torah-gehoorsaamheid is nie om YHVH se seënige te ontvang nie, want dit openbaar 'n selfsugtige houding! Gehoorsaamheid aan Torah moet eerstens deur liefde vir YHVH Yeshua gemotiveer word! Die moontlike seënige wat volg is 'n 'bonus' van YHVH se onverdiende guns wat ontvang word. YHVH se seënige is steeds nie op grond van verdienste nie, maar slegs op grond van YHVH se genade, want geen mens kan die Torah in alle opsigte elke dag onderhou nie! Wat motiveer jou om Torah-gehoorsaam te wees? Liefde of selfsug?
2. Soos enige vader is Vader-God se verlanse ook om Sy kinders te seën. Die volgende twee artikels in die verband word aanbeveel:
  - God se Plan is Seën deur Ina van Niekerk.  
<http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/04/GodPlanSe%C3%ABn.pdf>
  - Wat verhoed die "Hemel op Aarde"? deur Johann Möller.  
<http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/03/Hemel-Aarde.pdf>
3. Die Israeliete wat Torah-gehoorsaam gelewe het, het Yeshua in Torah 'gesien' en geglo in die Verlosser wat sou kom. Daarom lees ons in Joh. 1:46 – *Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Yeshua, die seun van Josef van Násaret.* Hulle het nou die keuse gehad om Yeshua, die Lewende Torah, te volg of om hulle oë en ore vir die waarheid te sluit. Vandag het ons ook die keuse om in Yeshua, die vleesgeworde Torah, te glo wat al die onderrig en instruksies van YHVH kom bevestig het (Matt. 5:17 en 18) of om dit te verwerp deur te verklaar ons is vry van die wet!
4. Torah is deur YHVH aan die mens gegee vir sy welsyn. Dit is YHVH se praktiese handleiding vir ons lewe hier op aarde. Die mens wat Torah onderhou (nougeset daarvolgens wandel) sal daarom welgeluksalig wees, naamlik voorspoedig in alles wees wat hy doen (Ps. 1:1 tot 3; Jos. 1:7 en 8).
5. Torah bevat YHVH se geestelike- en natuurwette. Hierdie wette is deur YHVH daargestel en handhaaf die orde in Sy skepping, en in die samelewing, en hou dit in stand. Die mens wat dus aan hierdie wette gehoorsaam is, sal voorspoedig in alles wees. Torah is eerstens vir die mens se geestelike-, siels- en liggaamlike welsyn bedoel. Gehoorsaamheid aan Torah sal egter ook in die mens se materiële behoeftes voorsien (Deut. 8:18).
6. Vir sommige gelowiges word familie en vriende die 'Egiptenare' wat hulle agtervolg nadat hulle van die misleiding van die Christendom bevry word. Vrees vir verwerping maak dat hulle nog deels vashou aan 'Egipte' en nooit in ware oorwinning loop nie!
7. Vir die gelowige in Yeshua word Torah 'n demonstrasie van leefwyse, naamlik die bewys van 'n uitgeroepene (*ekklesia*) – *wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig* (1 Pet 2:9). Hierdie leefwyse maak duidelike onderskeid tussen YHVH se koninklike priesterdom en die res van die mensdom (wêreld). 'n Torah leefwyse 'sets you apart' as 'n ligdraer in 'n donker wêreld, want die aard en hoedanighede van YHVH word weerkaats.

-O-O-O-O-O-O-O-

Shabbat shalom en shalomgroete tot volgende keer.  
Johan.

Epos: [kontak@nuweliel.info](mailto:kontak@nuweliel.info)

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*